Keurpuntvereistes (Bylae G)

Algemeen

1. Keurpunte word onder beskerming van die SABT (Suid-Afrikaanse Boerboel Telersvereniging) gereël.

2. Enige lid van die SABT kan ’n keurpunt versoek, maar slegs ’n raadslid mag dit reël. Raadpleeg ook Bylae F.

3. Lede mag hul telery of honde by keurpunte adverteer mits toestemming van die betrokke raadslid ontvang is en dit nié met die reëlings van die keurpunt bots nie.

4. Slegs die amptelike borg kan sy produkte by keurpunte adverteer.

5. ’n Minimum van 15 Boerboele word vereis om enige keurpunt te regverdig.

6. Die SABT-raad sal die aantal keurpunte wat per jaar per provinsie gereël mag word, bepaal.

7. Dis elke raadslid se direkte verantwoordelikheid om keurpunte in sy/haar provinsie te identifiseer, te adverteer, te koördineer en te organiseer.

8. Dis elke raadslid se verantwoordelikheid om vir ‘n senior keurder te reël.

9. Die betrokke raadslid moet die kantoor en die webredakteur vroegtydig oor die aanvangstye en aanwysings na die keurpunt inlig.

10. Die SABT sal keurpunte se advertensiekoste betaal mits elke advertensie vooraf aan die SABT-raad voorgelê word.

11. Alle ander koste is die verantwoordelikheid van die betrokke raadslid tensy goedkeuring van die SABT-raad verkry is.

12. Die SABT betaal ’n bedrag (wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word) aan die raadslid waarmee hy/sy die nodige verversings en etes aan raadslede en keurders moet verskaf.

13. Spesiale keurpunte kan, met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee, deur raadslede gereël word. Raadpleeg Bylae F.

14. Boerboelbabas mag slegs deur SABT-lede by keurpunte te koop aangebied word mits beide die ouers van die betrokke babahondjies by die SABT geregistreer is. Die betrokke raadslid moet hierdie klein hondjies eers inspekteer om hom/haar te vergewis dat die hondjies van aanvaarbare kwaliteit is alvorens hy/sy toestemming verleen/weier dat hulle te koop aangebied mag word.

Keurpuntvereistes

Die organiseerder van ’n keurpunt moet die volgende vereistes behoorlik nakom.

1. ’n Minimum van 15 Boerboele word vereis om vir ’n keurpunt te kwalifiseer.

2. Daar moet genoeg helpers wees om met die administratiewe take te help.

3. Die verantwoordelike raadslid moet die nodige reëlings tref om Boerboel-eienaars te ontvang en inligting aan hulle te verskaf.

4. Die keurpunt moet oor elektriese krag beskik. Indien moontlik, kan ‘n doeltreffende klanksisteem ‘n waardevolle bydrae lewer.

5. Die keurring moet ’n deursnee van tussen 6 en 10 meter hê.

6. Die keurring moet onder skadu wees en verkieslik waar daar genoeg natuurlike lig beskikbaar is.

7. Daar moet genoeg tafels en stoele beskikbaar wees.

8. Daar moet ten minste een bak met water vir die Boerboele beskikbaar wees.

9. Verversings en etes moet aan die raadslede, keurders en die administratiewe personeel verskaf word.

10. Na afloop van die keurpunt se verrigtinge, moet die betrokke raadslid toesien dat die terrein opgeruim word.

11. Geen alkoholiese drank mag op ’n keuringsdag aan enige raadslid, keurder of die administratiewe personeel verskaf word nie.

12. Verversings mag aan die publiek en Boerboel-eienaars verkoop word om die kostes wat die organiseerders aangegaan het, te probeer verhaal.

Administrasie

1. Alle Boerboele wat vir keuring aangebied word, moet in besit van ’n geboortekennisgewing of ’n geboortesertifikaat wees en in die geval van ’n herkeuring, moet die registrasiesertifikaat ingedien word. Raadpleeg ook Bylae E.

2. Alle gelde, soos van tyd tot tyd deur die Raad voorgeskryf, moet tydens inskrywing ingevorder word en ’n amptelike SABT-kwitansie uitgereik word.

3. Alle fondse wat ingevorder is, moet na afloop van die keurpunt gerekonsilieer word en teen die eerste Woensdag ná die keuringsdag in die SABT se rekening inbetaal word.

4. Alle dokumentasie moet die kantoor binne ‘n week na die keuringsdag bereik.